# DIE P.U.K. VIR C.H.O. (1921-1942)

*„Wie verag die dag van kleine dinge?"*—Sag. 4: 10.

Die afgelope jaar (1942) was vir die P.U.K. vir C.H.O. 'n herdenkingsjaar.

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

Afrika. Wat die ontwikkeling sedert die jaar tot 1942 was, is in 'n ander

stuk van die hand van die Organisator, die heer H. C. van Rooy, noukeurig en duidelik aangegee.

Gedagtes vermenigvuldig wanneer hulle dié tydperk omspan, en onwillekeurig word ons herinner aan die woord van die profeet Sagaria hierbo aangehaal: „Wie verag die dag van kleine dinge?"

Sagaria het „in die dag van kleine dinge gestaan." Net maar 'n gedeelte van sy volk het uit die Babiloniese ballingskap teruggekeer na hulle verwoeste stad, Jerusalem. Daar was feitlik geen stad meer nie—geen mure, geen tempel, geen paleise, geen bewoonbare huise en byna geen mense nie—wel wolwe, jakkalse en sluwe rowers wat tussen die puinhope rondgesluip het.

'n Hopelose toestand vir die herbou en opbou. sowel materieel as geestelik, van die volkslewe. Diep verneder, verwoes en verflenter is die volk van Sagaria, gedompel in grenselose moedeloosheid. Inspirasie, besieling is nodig om gedurende sulke „dae van kleine dinge" die volk op moedverloor se vlakte weer te laat opstaan uit sy vernedering, sy God-gegewe taak weer te laat opneem en bouwerk op alle gebied te laat verrig. Hierom het God, wat waak oor die lotsbestemming van elke volk en insonderheid oor die van Israël, sy profeet Sagaria versoek om saam met Josua die hoëpriester en Serubbâbel, die leier, die volk daardie moed, inspirasie en besieling te gee. Die profeet het naggesigte gesien. Goddelike openbaringe: in een tafereel na die ander word die volk hul heerlike toekoms voorgehou.

Vurig is sy woord, inspirerend en besielend sy optrede.

Daar is spotters, veragters ook onder sy eie volk. Daar word vergelykinge gemaak met ander magtige volke, en minagtend, spottend kom die vlymende woorde; dis 'n onbegonne werk, dis hopeloos, vergeefse moeite, vrugtelose arbeid!

Dis die gewone hoontaal van sg. realiste wat net aansien dinge wat voor oë is, mense met geen visie, met geen idealisme nie!

Sagaría egter het meer, dieper en verder gesien, gesien met die oë van die Here, die groot heerlike toekoms van Israël met Jerusalem in sy herboude staat. oprysend uit die „kleine dinge," en met sielsoortuiging roep hy dit uit: „want wie verag die dag van kleine dinge terwyl daardie sewe—die oë van die Here wat die ganse aarde deurloop—met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbàbel?"

* * * * *

As klein dinge met groot dinge mag vergelyk word, dan was die jaar 1921 „'n dag van kleine dinge" vir die P.U.K. Daar was maar vyf profes-

sore, nege lektore en twee-en-vyftig studente. Gering in aantal en arm aan middele, waag die inrigting dit om by die Volksraad te gaan aanklop om wettelik opgeneem te word in die ry van die kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika.

Hoongelag en spot het opgegaan, is gehoor in die Volksraad, besware het ingekom van verantwoordelike liggame in die land, ook uit Potchefstroom en uit eie kring tydens die behandeling van die wetsontwerp. Ontledinge en vergelykinge is gemaak, minutieuse ondersoek is ingestel in die verrigtinge, die handelinge en middele van die inrigting. Alles was inderdaad klein, swak en gering sodat mannemoed en idealiserende geloof nodig was om met oortuiging „in die dag van kleine dinge" te pleit vir die goeie bestaansreg van die inrigting.

Dit is gedoen met klem van argument en besielende oortuiging. 1)

Die pleit was gewonne, en die P.U.K. het sy erkenning ontvang. Maar daarmee was die „dag van kleine dinge" nie verby nie. Sware verantwoordelikheid het gerus op die Raad, Senaat en studente om nou ook vir die volk inderdaad die bewys te lewer dat die „skietlood in die hande van die bouers" besig was om werk van groot omvang af te meet.

Die meeste van die oudgediendes is daar vandag nog, en naas God kom aan die manne, saam met die studente van die tydperk, die opregte en warme dank toe. Daar was onder hulle Sagaria's, Serubbàbels en Josua's wat met idealiserende geloof besiel was. Hul optrede en onvermoeide arbeid het nie alleen 'n wekroep laat uitgaan nie, maar hulle voorbeeld het geïnspireer en aangevuur.

Onder hulle mag hier met name genoem word die eerste Registrateur van die P.U.K., Ds. W. J. de Klerk. Toe in 1919 die Literariese afdeling van die Teologiese Skool afgeskei is, het hy die Registrateur geword van die nuwe inrigting, die P.U.K. vir C.H.O. wat egter toe nog geen samestellende Kollege was nie.

Die jare van 1919 tot 1921 was inderdaad worsteljare vir die inrigting, en, soos by alle inrigtings, konsentreer die grootste deel van die worstelinge hulle in die kantoor. Daar het Ds. de Klerk gesit, net alleen, met geen tikster of ander hulp nie. Kantoor en administratiewe werk-

1) Leersaam is in hierdie verband die „Verslag van het Gekozen Komitee op het Potchefstroom(se) Universiteitskollege (Private) Wetsontwerp, April 1921."

saamhede aan die P.U.K. was toe al vir een man te veel. Hy het die las getors en was daarby nog predikant van die Geref. gemeente, Potchefstroom en het verskillende konsulentskappe moes waarneem.

Hy het reusewerk verrig, was altyd getrou op sy pos en het daarby nooit vermoeienis of insinking vertoon nie.

Van sy optrede vir die P.U.K. het in die moeilike jare kort voor, tydens en kort na die inkorporasie groot inspirasie uitgegaan. In sy hande was die finansiële beleid van die inrigting veilig, hoewel swaar met tekorte geworstel moes word. Hy was die grondlêer van die finansiële bouwerk van die P.U.K., en vandag nog word op die grondslae voortgebou.

Hy kon met die bekwaamheid en deeglikheid die reusewerk volhou tot 1928, dus volle nege jare, omdat hy sowel die Teologiese Skool as die P.U.K. liefgehad het. Geen opoffering of moeite was vir hom te groot, as dit die twee inrigtings geld nie, en veral die P.U.K., omdat die met wankelende skrede op 'n nuwe loopbaan moes voortgaan. In die Volksraad, in regeringskringe, in die Gereformeerde gemeentes, op groter kerklike vergaderings van die Geref. Kerk was Ds. W. J. de Klerk die vurige pleitbesorger en het professore sowel as studente beskerm wanneer soms onbillike en ongegronde kritiek uitgespreek is.

Dit was met leedwese dat in die jaar 1928 van hierdie belangelose en vurige stryder afskeid moes geneem word toe hy hom 'n beroep na die Geref. Gemeente Johannesburg laat welgeval het.

Hiermee egter was die band met die P.U.K. nie verbreek nie. Heel gou is hy gekies as Voorsitter van die Raad, en in die hoedanigheid kon hy ook nog baie belangrike dienste bewys en het hy dit gedoen totdat hy weëns swak gesondheid in 1941 genoodsaak was om hom nie weer as Raadslid verkiesbaar te stel nie. Bykans dertien jaar dus het hy as Voorsitter van die Raad die roer in hande gehad en die P.U.K.-bootjie veilig gelbods, dikwels oor baie onstuimige waters.

Die ganse tyd dus van 1919 tot 1941 was Ds. W. J. de Klerk een van die stuurmanne aan boord, en waar die mondigwording van die inrigting herdenk word, dink ons almal met groot dankbaarheid en erkentlikheid aan die wakker, getroue en opofferende eerste registrateur en die bekwame, taktvolle en wyse voorsitter van die Raad van die P.U.K. vir C.H.O.

Sy werk is van blywende aard en sy gedagtenis, nou ook verder bestendig deur 'n kunsvolle houtsneewerk deur hom aan die inrigting

as geskenk aangebied, sal tot in verre nageslagte in ere gehou word.

Seker die beste en mees tot hom sprekende eerbewys sal wees, wanneer die inrigting voortbou op die beginsels deur hom gedurende sy ganse lewe gehuldig—beginsels wat ook die stukrag van sy lewe was—die christelik-nasionale beginsels.

Dit tog was en is die beginsels waaruit die inrigting geword en opgebloei het.

Vanaf sy eerste ontstaan as 'n afdeling van die Teologiese Skool, was dit die beginsels wat beklemtoon is. Hieraan is vasgehou, en toe in 1919 by die afskeiding van die Teologiese Skool die inrigting selfstandig gaan staan het, is die vaandel ontplooi met die naam P.U.K. vir Christelike Hoër Onderwys.

'n Mooi veelseggende *Van* en daarby die devies, 'n kandelaar met sewe arms, draers van sewe liggies en die sinryke spreuk: *in U Lig.*

Voorwaar 'n kragtige getuienis! Hoopvol is voortgegaan, maar diep-teleurstellend was dit toe met die inkorporasie, die inrigting van Regeringsweë verplig geword is om die „*van*" te laat vaar.

Twaalfjaar lank moes met verminkte vaandel voortgegaan word. Nooit egter is vir een enkel oomblik die gedagte prysgegee om maar daarin te berus nie. Nee, dit was 'n smaadheid ons aangedaan, meer nog 'n smaadheid wat die Christelike Afrikaanse volk getref het, en daarom kon daarin nie berus word nie: In 1933 is deur wetgewing weer die volle naam herstel.

Daar was blydskap en vreugde nie alleen in ons kring nie, maar oor die lengte en breedte van die land dat die smaadheid aan die Christelike belydenis weggeneem is.

Koersvas het die inrigting getrou gebly aan die inspirerende en lewe-wekkende beginsel om alle wetenskap, alle opvoeding en opleiding te bring onder die tug van die Woord van God en alle probleme en vraagstukke te besien by daardie Lig, wat die waaragtige Lig is wat elke mens verlig.

Dit is die een groot magtige beginsel van die P.U.K., waaruit voortvloei die ander groot beginsel, dié van nasie-bewustheid, nasie-getrouheid en nasie-liefde. 'n Volk is nie maar 'n toevallige iets nie, maar elke nasie-wording en nasie-ontwikkeling is uitvloeisel van die Raad van God. So tog was die bedoeling van die oprigters en ondersteuners van die inrigting, dat die jeug opgevoed en opgelei moet word in 'n klare aanskouing van en in 'n onwrikbare geloof in die God-gegewe taak en roeping van die Afrikaanse Volk.

Dis die nasionale beginsel van die P.U.K. wat vanaf sy ontstaan sy karakter bepaal het. Hieraan is vasgehou ook met opoffering in die moeilikste tye van sy bestaan. Hierdie beginsel was oorsaak dat tydens die Engelse oorlog die inrigting gesluit is: dat tydens die wêreldoorlog op die laaste oomblik 'n aanslag van soldate op die inrigting in Potchefstroom afgeweer is, en vir die derde keer in 1940 het so 'n aanval werklikheid geword.

Hierdie aanslae is die beste bewys dat die inrigting hom nog voortbeweeg op die „pad van Suid-Afrika."

Vandag staan die P.U.K. vir C.H.O. daar deur Gods genadige bestiering, en gedenk sy een-en-twintigjarige bestaan as een van die samestellende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika, nie meer die kleinste en geringste nie, maar een van die sterkstes.

Ons ootmoedige en nederige dank aan Hom wat ook oor die lotgevalle van die P.U.K. beskik. Aan Hom alleen die eer!

Soos 'n jongeling egter, wat mondig geword het, staan hy nog maar aan die begin van sy lewe. Tye is moeilik, miskien die moeilikste wat nog ooit beleef is, en die toekoms is baie donker. Sal ons kleinmoedig of kleingelowig word?

Nee, dit doen 'n jongeling nie wat deur sy opleiding koersvas en karaktervas geword het. Hoe moeiliker die stryd word, hoe meer tree te voorskyn die staalkragtige beginsels waardeur die lewe gedra word.

Die beginsels van die P.U.K. vir C.H.O. is die lewensessensie van alle geestelike bestaan. Net so min as wat die beginsels ooit verbreek of uitgewis kan word, net so min kan nasies of inrigtings wat eerlik en opreg die beginsels handhaaf, in toepassing bring en uitleef, ooit ondergaan.

*Maar*—en dit is 'n groot maar—dan moet die beginsels waaragtig bely en beleef word. So nie, dan kan wis en seker *uitwissing* verwag word.

Swaar en groot dus is die verantwoordelikheid wat rus op die professore, dosente en studente van die P.U.K. vir C.H.O.

Die beginsels is *vuur, hemelse vuur!* Wie ligvaardiglik daarmee omgaan, sal verteer word en tot as verbrand, maar wie ootmoedig deur die *Lig* gelei word, sal voortgaan van krag tot krag.

Mag so die toekoms van ons P.U.K. vir C.H.O. wees tot eer van God die Here en tot diens en welsyn van die volk van Suid-Afrika, en dit op die pad van Suid-Afrika, en laat niemand „die dag van kleine dinge" verag nie!

Potchefstroom. F. POSTMA.